

TOLBOS

Amptelike mondstuk van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans



2026 DIGKOMPETISIE

Op 22 Februarie 2026 maak die GHA sy 2026-Digkompetisie bekend.

Dit vind plaas om 3nm in die Pierneefteater tydens die opvoering "My Moedertaal Afrikaans van Toeka tot Nou" deur Abri le Roux en Mignon Mahne waar hulle Afrikaanse gedigte gaan voordra van Marais tot Breyten ... asook gedigte uit Stemme uit die Suiderland!

Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans bied **HEERLIKE MELKERT & TEE OF KOFFIE OP DIE HUIS** aan vir liefhebbers van Afrikaanse Digkuns in die Pierneefteater.

Toegang is R150 per persoon of R250 per paar en R120 per kind.

Om teleurstelling te vermy, bespreek vandag per Watsaan by Jopie Koen 072 460 5568.

GHA VERJAAR: 'N GLANSAAND!!

Estelle Pretorius, hoofbestuurslid belas met GHA skryfkompetisies, skryf oor die 2025 digkompetisie en ons Glansgeleentheid in die Senotaafsaa van die Voortrekkermonument op 31 Januarie 2026:

Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans het op Saterdag 31 Januarie 2026 die weners van sy jaarlikse nasionale digkompetisie bekend gemaak.

Die glansgeleentheid het in die Senotaafsaa van die Voortrekkermonument plaasgevind, waartydens die name van die weners van die jeugafdeling (Misha van Tonder en Ruben van der Merwe) en die 10 afdelings vir volwassenes bekend gemaak is, asook die naaswenner (Retha van Deventer) en algehele wenner (Anne-Marie Bartie).

Tien aansporingspryse is deur Groep 7 Drukkers aan belowende digters toegeken.

Honderde gedigte is ingeskryf en drie keurders is aangestel om die beoordeling te doen. Die gekeurde gedigte van 90 digters is gepubliseer in die GHA se twintigste digbundel, Stemme uit die Suiderland.

Die GHA streef daarna om Afrikaans te bevorder – en by uitstek die digkuns, omdat dit 'n edele en ingewikkelde kunsvorm is wat diep in die betekenis en hart van die taal delf. Poësie stel hoë eise aan die digter – hy moet sy taal só poleer en oorspronklik aanwend dat dit sy innigste en diepste emosies kan verwoord.

Die glansgeleentheid is deur meer as 200 gaste bygewoon; die wengedigte is voorgelees en die program is afgewissel deur die sing van Afrikaanse kunsliedere deur die sopraan Miné Smit, begelei deur Rosa Anderson Loots.

Prof. Carel Boshoff het van die pryse oorhandig en 'n spesiale toekenning is aan dr. Fanie Marais van Cordis Trust gegee in die vorm van 'n oorkonde. Hy is vereer vir sy gewaardeerde jarelange betrokkenheid by en aansporing van veral opkomende Afrikaanse skrywers, digters en lirieskrywers.

Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans is op 29 Januarie 1994 in die lewe geroep, en ons moes dit vier - 32 jaar van handhaaf en uitbou.

Dr Fanie Marais ontvang die AKRONIEM AFRIKAANS



Coert Grobbelaar en Fanie Marais

Dr. Fanie Marais, uitvoerende trustee van die Cordus Trust, is op 31 Januarie 2026 deur die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA) vir sy lewensbydrae tot Afrikaans vereer.

“Ek beskou myself as s’n fasiliteerder van die talente van mense in die Afrikaanse woordkuns deur dit vir hulle moontlik te maak om te publiseer, liedere te komponeer en hulle te bemoedig,” het Marais in sy toespraak gesê.

Volgens André Alkema, voorsitter van die GHA, word Marais in besonder vereer vir sy bydrae tot die onderwys en opvoedkunde, asook die bevordering van die Afrikaanse letterkunde.

Marais is ook verlede jaar by die Afrikaanse Taalraad se Kokertoekenning vir sy lewensbydrae tot Afrikaans bekroon. Hy het dié toekenning ontvang vir sy deernisgedrewe werk deur die Cordis Trust, met beklemtoning van woordkuns, jeugontwikkeling, geestelike projekte en die bevordering van Afrikaanse kreatiwiteit.

Die Akroniem Afrikaans-tekenning is Saterdag aan Marais oorhandig by ’n spoggeleentheid by die Voortrekkermonument in Pretoria waar die weners van die GHA se jaarlikse poësiekompetisie ook aangewys is.

Anne-Marie Bartie is vir die derde agtereenvolgende jaar as die algehele wenner in die kompetisie aangewys, en die naaswenner is Retha van Deventer.

Stemme uit die Suiderland XX, die bloemlesing wat ’n keur van die beste gedigte uit 2025 se inskrywings bevat, is ook by die geleentheid bekendgestel. Dit is die 20ste uitgawe wat deur die GHA uitgegee is.

Hier is die volledige lys van weners:

Kategorie: graad 7 tot 9

- + Algehele wenner: Ruben van der Merwe
- + Naaswenner: Marcus Annandale
- + Aansporingspryse: Cara Pienaar en Anna Bester

Kategorie: graad 10 tot 12

- + Algehele wenner: Misha van Tonder
- + Naaswenner: Marizelle Burger
- + Aansporingspryse: Nanette Jordaan en Yaron Fourie

Kategorie: ope afdeling

- + Afdeling A: Afrikaans100/150 - Andries Fourie
- + Afdeling B: Erfenis - JD du Plessis
- + Afdeling C: Liefde - Marietjie Espach
- + Afdeling D: Geestelik - Sanette Scheepers
- + Afdeling E: Homor - Cobus Kruger
- + Afdeling F: Arbeid adel - Heste Steenkamp
- + Afdeling G: Ritme - Karel Nel
- + Afdeling H: As die son in die môre oor my vloer kom loer - Thelma Labuschagne
- + Afdeling I: Mooi is die lewe en die dood is mooi - Etna Wepener
- + Afdeling J: Selfverwesenliking - Drienie Joubert Kelly

(Saamgestel deur Maroela Media)



Chris Herbst en Anne-Marie Bartie

Jaap Versfeld, eerste voorsitter van die GHA oorlede op 11/2/2026

Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans het met leedwese kennis geneem van die afsterwe van Jaap Versfeld, musikant, skrywer en taalaktivis. Hy is op agt-en-tagtigjarige ouderdom oorlede in Huis Hermon, sentrum vir verswaktes en bejaardes in Pretoria Noord.

Jaap sal onthou word vir sy goeie algemene kennis, versienheid en leiding in die GHA. Hy was die eerste voorsitter van die GHA.



Mnr Jaap Versfeld, tydens die eerste Jaarvergadering van die GHA.

Hy skryf soos volg in die Tien Jaar GHA-feesvieringspublikasie in 2004:

“By die stigtingsvergadering op 29 Januarie 1994 in die Berea-saal, Pretoria was die volgende vyftien persone teenwoordig: dr J Basson; mevrou N Clarke; dr. GF Marais; mnr JA Marais; dr P Möller; mnr M Peters; mnr J Pretorius; mevrou N Reynecke; mnre J Stephens; L Strydom; H van de Graaf; dr P van der Dussen; en mnre P van der Spuy; D Varkevisser en JD Versveld.

Die vergadering besluit dat die naam van die stigterorganisasie die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA) sal wees. Die voorgestelde Grondwet word aanvaar en daar word 'n hoofbestuur gekies. Die bestuur sien soos volg daaruit:

Voorsitter: Mnr JD Versfeld

Ondervoorsitter: Mnr P van der Spuy;

Sekretaris: Mnr L Strydom;

Hulpsekretaris: Mnr J Stephens;

Bykomende lede: Drs GF Marais en P Möller en mnr D Varkevisser

Dr G Reinecke en menere K Hough en M van Heerden word op die bestuur gekoöpteer. Die vergadering verdaag met die sing van Die Stem.”

Jaap was 'n tyd lank nuusskrywer by Radio Pretoria (tans PretoriaFM) en in 1999/2000 het hy die laserplaat Kommandeer Kommandeer uitgebring waarin liedjies opgeneem is uit die era van die Tweede Anglo-Boereoorlog.

Die GHA is gestig uit twee oorwegings:

1. Die Afrikaner was erg verdeeld in daardie tyd weens die oorgawebeleid van die NP van FW de Klerk, en omdat taal 'n gemeenskaplikheid is wat

ons deel afgesien van politieke en godsdienstverskille, het die hoop bestaan dat dit ons volk weer saam sal bind.

2. Verder was die verwagting dat die toekomstige vyandige regering naamlik die ANC/SAKP/Cosatubende Afrikaans sou wou vernietig en daardeur ook die volk. In terugskoue spreek die insig van dié persone boekdele.

Ons het gesien hoe Afrikaans op TV afgeskaal is en die aanslag op Afrikaanse skole verhewig is – daar moes telkemale in die howe geveg word vir die behoud van dié skole soos in Ermelo en Vereeniging, Dit het uitgeloop het op die Bela-wet wat die magte van beheerliggame van Afrikaanse skole tot toelating en onderrigmedium gaan wegneem – en daardeur die vernietiging van Afrikaanse skole.

Die GHA het onlangs, op 31 Januarie 2026, sy 32ste verjaardag gevier in die Senotaafsaa van die Voortrekkermonument en sy 21ste digbundel Stemme uit Suiderland XX bekend gestel.

Daarbenewens neem die GHA elke jaar deel aan die Majubafeesvieringe, want ons glo dat 'n liefde vir ons taal by kinders gekweek word as hulle sien watter trotse geskiedenis ons het, en dat ons niks het om oor skaam te voel nie.

Op 1 Februarie vanjaar het ons S le Roux Marais, 'n ware taalheld, se 130ste verjaardag gevier met 'n gedenkuitvoering in die AfriForum Teater. In dié verband het ons visie-voorsitter, Coert Grobbelaar groot werk gedoen ...


Op Sondag 22 Februarie bring ons die opvoering “My Moedertaal Afrikaans van Toeka tot Nou” in die Pierneefteater op die planke met Abri le Roux en Mignon Mahne wat gedigte gaan voordra wat oor die afgelope 150 jaar die lig gesien het. Digkuns is die hart van ons taal. Kom ons hou dit lewendig!

Slaap rustig, dapper held: Die stryd duur voort! GHA.



Drr Müller Pretorius, Pieter Möller (voormalige voorsitter) en mnr Jaap Versfeld, eerste voorsitter van die GHA tydens teepouse by die 2001 Jaarvergadering

S Le Roux Marais 130 Gedenkuitvoering



Die S le Roux Marais 130 Gedenkuitvoering wat op Sondag 1 Februarie 2026 deur die GHA in die AfriForum Teater aangebied is, was 'n groot sukses. Behalwe van die pragtige gehoor van ongeveer 200 persone, was die optrede van die kunstenaars en koorgroepe baie professioneel en afgerond. Die keuse van musiek, kunsliedsang en ander optredes het die asem weggeslaan. Veral ook die kunslied waarmee afgesluit is, *Heimwee* deur van CRL Bruggen en getoonset deur oom Fanie Marais, soos hy ook genoem is, het by menige 'n traan laat val van meelewing. Coert Grobbelaar, tenoor en visievoorsitter van die GHA het maande lank gewerk aan die saamstel van die program waarin die wye oeuwe van Marais se lewenswerk uitgebeeld is.



Voices Divine Ensemble bestaan uit Natasha van Niekerk, Sonica Rickinson, Lanie Coetzer, Therèse Havenga en Hetta Coertze.



Die kunstenaars van links voor is: Miné Smit, Lanie Coetzer, Douw Bijkersma, Linette van der Merwe, Laetitia Orlandi, Anina Wasserman, en Chris Mostert. Agter is Coert Grobbelaar, Loraine Hibbert, Yolanda Ftanz, Micaela Mann en Liana Simmonds.

Pryswenners van GHA digkompetiesie



Dr Wilhelm Pretorius by die weners van die selfpublikasie boekpryse geborg deur Groep 7 Drukkers.



Dr. Carel Boshoff voorsitter van die FAK het die prys vir die Algehele Wenner van die skole graad 10 - 12 afdeling aan Misha van Tonder oorhandig.



Anita du Plessis en Andries Fourie (Afrikaans100/150)



Sangeres Miné Smit en Rosa Anderson Loots